julie 2008

Finansieel Gesproke

IN HIERDIE UITGAWE

2. **Hoe mark-toestande fonds-prestasie beïnvloed**

4. **'n Plek vir kontant**

5. **Het ons 'n "winter-uitverkoping"?**

7. **Doen die regte keuse** (InvestRight™)

OLD MUTUAL

Wydverspreide onbestendigheid het impak op fondsprestasie

Anil Thakersee, Besturende Direkteur:
Old Mutual Unit Trusts

Na vyf jaar van amper perfekte marktoestande – lae inflasie, lae rentekoerse en 'n stygende aandelemark – bevind ons ons skielik in heel ander ekonomiese omstandighede. Inflasie het sy hoogste vlak in vyf en 'n half jaar bereik (10.9%) en styg steeds, rentekoerse het binne twee jaar met 'n yslike vyf persentasiepunte gestyg en groei het van 5% tot 2.1% verlangsaam (van die laaste kwartaal van 2007 tot die eerste kwartaal van 2008, syfers geannualiseer).

Is dit nie ironies nie dat 'n skielike styging in rentekoerse ná 'n lang tydperk van lae koerse vir verbruikers baie pynliker is as 'n uitgerekte tydperk van hoë koerse. Lang tydperke van lae rentekoerse, soos wat ons onlangs ervaar het, raak dikwels langdurige kooptogte omdat ons maklik en "goedkoop" toegang tot krediet kry.

Saam met die immer stygende leningspaaiemente wat nou gefinansier moet word, vind Suid-Afrikaners dat stygende kos- en brandstofpryse hul besteebare inkomste nog verder laat krimp. Hierdie skerp styging in pryse, plus verhogings in elektrisiteitstariewe, hou inflasie buite die Reserwebank se teikenband (3% tot 6%). Rentekoerse kan nog verder verhoog word in 'n voortgesette poging om lenings te beperk en inflasie onder beheer te bring.

Die wenners in tye van hoë rentekoerse is die spaarders, want hulle kry al hoe beter opbrengste op hul rentedraende korttermynbeleggings (bv. geldmarkfondse). Daar is egter langtermyn-implikasies vir beleggings in hierdie fondse. Lees gerus ons artikel oor geldmarkfondse op bladsy 4.

Groter onbestendigheid

As ons spesifiek na die aandelemark kyk, sien ons dat die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks onlangs aanhou styg het – ondanks die feit dat die meeste sektore van die mark taamlik swak presteer het. Hoe is dit moontlik?

Dit was te danke aan die buitengewoon sterk prestasie van die hulpbronnesektor. Aangesien dié hulpbronnemaatskappye groot ondernemings is met aandeelpryse wat tans styg, maak die mynbou- en hulpbronnesektor tans 54% van die indeks uit. Hul prestasie is dus geneig om die algehele prestasie van die JSE te oorheers – en in hierdie geval verhoog dit steeds die JSE se opbrengs, selfs al het ander sektore negatiewe opbrengste gelewer.

Om bogenoemde in perspektief te plaas, kyk na die korttermynprestasie van die verskillende sektore van die mark oor die eerste ses maande van vanjaar:

FTSE/JSE-indekse	Prestasie 1 Januarie tot 30 Junie 2008
FTSE/JSE Alle Aandele-indeks	6.4%
FTSE/JSE Hulpbronne-indeks	33.3%
FTSE/JSE Finansiële Indeks	-25.5%
FTSE/JSE Nywerheidsindeks	-8.9%
FTSE/JSE Indeks van Vaste Eiendom	-20.8%

Die fondsbestuurder se dilemma

Die huidige omgewing maak dit al hoe moeiliker vir fondsbestuurders met aandele in hul portefeuljes om korttermynprestasie te lewer. Hierdie bestuurders moet aandele koop wat hulle meen die beste toekomstige waarde sal bied – maar sonder om uitermatige risiko's aan te gaan. Baie van hierdie bestuurders het weggeskram van 'n hoë blootstelling aan hulpbronne-aandele omdat:

- hierdie sektor oor die langer termyn heelwat onbestendiger (riskant) is as baie ander marksektore
- die hulpbronnesektor tans teen 'n hoë prys/verdienste-verhouding verhandel, wat dit tans duurder as ander marksektore maak.

Gevolglik het verskeie fondsbestuurders hul blootstelling aan hulpbronne verminder en blootstelling aan ander marksektore verhoog – in die besonder finansiële aandele (omdat hulle tans beter langtermynwaarde vir geld bied). Die grafiek weerspieël die dryfkrag agter hierdie beleggingsgedrag – dit toon die sterk prestasie van hulpbronne en die huidige waarde wat finansiële aandele bied (onthou die beleggingsbeginsel: "koop as die mark laag is, verkoop as dit hoog is").

Sektorprestasie oor afgelope 12 maande (30 Junie 2007 tot 30 Junie 2008)



Die uitwerking van die onlangse lae opbrengste in die breër mark, en die beweging weg van hulpbronne, is reeds besig om deur te werk na portefeuljeprestasie. Ter illustrasie hiervan het ons na die prestasie van verskillende effektetrustkategorieë (portuurgroepe) gekyk. 'n Mens kan sien hoe die sterk, breed-gebaseerde prestasie van die JSE opbrengste oor die afgelope drie en vyf jaar voortgedryf het – selfs in sektore met 'n lae aandeleblootstelling (bv. Voorsorg: Lae Aandele).

Effektetrustkategoriegemiddeldes tot 30 Junie 2008



Die onlangse verlangsaming word reeds in die eenjaar-syfers weerspieël – veral in fondse met 'n hoë aandeleblootstelling.

Tyd vir aksie of nie?

Ondanks die feit dat ons nou al 'n geruime tyd groter markonbestendigheid verwag – en beleggers maan om laer opbrengste op hul aandelebeleggings te verwag – is dit nog steeds moeilik om te weet hoe om reg te reageer. Hoewel die langtermynbelegger die huidige situasie as 'n koopgeleentheid kan beskou, sal dit ander baat om te verseker dat hul portefeuljes paslik gediversifiseer bly.

Gepaste diversifikasie en batetoewysing sal u tydhorisonne bepaal:

- As u tevrede was dat u beleggings aan u toekomstige finansiële doelwitte sou beantwoord toe u hulle gekoop het, en u doelwitte nie verander het nie, oorweeg dan om die huidige storm te trotseer.
- Indien u beleggingsdoelwitte egter verander het en u meen u huidige portefeuljesamestelling sal nie u doelwitte verwesenlik nie, oorweeg dan om u batetoewysing in oorleg met u finansiële adviseur te hersien.

Ons moet egter langtermynbeleggers waarsku om nie na kontant te vlug nie. Geldmarkfondse kan 'n belangrike rol in 'n totale gediversifiseerde portefeulje speel, maar daar is altyd 'n moontlikheid dat hierdie beleggers nie oor die lang termyn 'n reële opbrengs op hul spaargeld sal kry nie.

Marksiening

Hoewel daar baie faktore is wat onmiddellik 'n negatiewe uitwerking op ons ekonomie het, is ons oortuig dat die ekonomie steeds op 'n stewige grondslag berus. Dit is onmoontlik om te weet wat die omvang van ons huidige marksiklus gaan wees, maar ons is oortuig dat inflasie naby 'n spits is en dat rentekoerse laat in 2009 verlaag sal word. Wanneer hierdie koerse begin daal, verwag ons dat baie ander sektore van die mark sal verstewig. Beleggers met 'n tydhorison van drie jaar of langer behoort die belangrikheid van blootstelling aan groeibates soos aandele te oorweeg.

Hoekom lewer verskillende effektetrusts verskillende opbrengste?

'n Effektetrustfonds se opbrengs word bepaal deur die prestasie van die onderliggende beleggings van die fonds. Effektetrusts word volgens hierdie beleggings-universum (d.i. batetoewysing) geklassifiseer. Alle effektefondse word byvoorbeeld saamgegroepeer en alle mynfondse is 'n kategorie/portuurgroep op hul eie.

Die prestasie van die verskillende marksektore en bateklasse (aandele, effekte, eiendom en kontant) sal die opbrengste wat hierdie fondse lewer, beïnvloed.

Fondse in 'n enkele kategorie kan egter ook uiteenlopende opbrengste toon. Daar kan twee redes hiervoor wees:

- Die fondsbestuurder se aandeelkeuse en sienings van (blootstelling aan) 'n marksektor/bateklas sal prestasie beïnvloed (soos hierbo bespreek is).
- Die fonds se maatstaf (beleggingsdoelwit) beïnvloed ook hoe 'n fonds bestuur word – beide tussen en binne kategorieë. 'n Algemene aandelefonds met die Alle Aandele-indeks (ALSI) as maatstaf behoort byvoorbeeld in huidige marktoestande 'n algemene aandelefonds met die SWIX[1] as maatstaf te oortref. Dis omdat die ALSI 'n swaarder gewigstoekenning aan hulpbronne-aandele het as die SWIX (tans 42%).

[1] Die Aandeelhouers Geweegde Indeks (SWIX) bevat slegs aandele in die verhoudings wat aan Suid-Afrikaners beskikbaar is. Dit beteken dat buitelandse aandeelhoudings asook aandeelhoudings wat deur maatskappye self gehou word, uitgesluit word. Die SWIX is meer verteenwoordigend van hoe die tipiese Suid-Afrikaanse algemene aandelefonds belê word.

Tracy Hennessy, Redakteur

Tydens 'n gesprek oor hoe belangrik dit is om verby die jongste markonbestendigheid te kyk, het my kollega Pieter geskerts: "As jy korttermynopbrengste wil hê, gaan beroof 'n bank." En toe wys hy vir my hoe 'n bietjie geld en baie geduld jou miljoene in die sak kan bring.

Belê vir 'n miljoen: 'n Historiese illustrasie van Old Mutual Investors' Fund tot einde Junie 2008.

Begin op ouderdom	Beleggings-termyn	Maandelikse beleggings	Totale belegging	Eindwaarde
25	40 jaar	R10.80	R5 185.68	R1 000 000
35	30 jaar	R60.95	R21 943.12	R1 000 000
45	20 jaar	R586.50	R140 759.33	R1 000 000
55	10 jaar	R2 834.52	R340 142.79	R1 000 000

Kyk hoeveel 'n mens elke maand moet belê het om op 65 met R1 miljoen af te tree. Ek dink die syfers spreek vanself. Hoewel ons almal wens ons het meer belê toe ons jonger was, is dit nooit te laat om die voordele te geniet wat 'n klein belegging elke maand kan oplewer nie. Verseker u finansiële toekoms vanaf slegs R500 per maand – dis wat baie van ons se selfoonrekening kos!

Ons webtuiste, met sy nuwe voorkoms, kan u help bepaal hoeveel u moet belê om u doelwitte te bereik (lees meer oor InvestRight™ op bladsy 7). Neem vandag beheer oor u sake en besoek www.omut.co.za of skakel u finansiële adviseur.

Tot volgende keer – koop laag, verkoop hoog.

Finansieel Gesproke, Old Mutual Unit Trusts, Posbus 207, Kaapstad 8000 Dienssentrum: 0860 234 234; Faks: (021) 509 7100, E-pos: unittrusts@oldmutual.com, Internet: www.omut.co.za

’n Tyd en plek vir geldmarkfondse

Hoë rentekoerse is nie altyd slegte nuus nie. Vir diegene wat geld het om te belê en oor die kort termyn ’n veilige hawe soek, bied die Old Mutual Money Market Fund ’n aantreklike opbrengs.

Geldmarkeffektetrusts word dikwels deur kontantbeleggers oor die hoof gesien, ondanks die hoogs mededingende koerse wat hierdie fondse bied. Die Old Mutual Money Market Fund het byvoorbeeld ’n opbrengs van 10.7% vir die 12 maande tot 30 Junie 2008 gelewer – en die geldmarkeffektetrust-sektor se gemiddelde van 10.6% oortref. En danksy die onlangse styging in korttermynrentekoerse bied dit tans ’n aantreklike opbrengs van 12.37% (soos op 30 Junie 2008).

Mededingende opbrengste

Ons fondsbestuurder kan baie verskillende geldmarksekuriteite van ’n verskeidenheid finansiële instellings koop. Hierdie diversifikasie beteken dat die Old Mutual Money Market Fund die potensiaal het om die koerse van beleggings wat tot ’n enkele finansiële instelling beperk is, te oortref.

’n Veilige parkeerplek

Die fonds is die ideale korttermyn-parkeerplek vir diegene wat binne afsienbare tyd kontant nodig het. Namate u behoeftes verander, kan u kosteloos na enige van ons ander effektetrusts omskakel. So nie, kan u deur ons outomatiese omskakelingsfasiliteit geleidelik u beleggings oor ’n tydperk van u keuse uit hierdie fonds na aandelefondse omskakel. Die fonds kan ook deel van ’n algehele gebalanseerde portefeulje uitmaak.

Waardevolle belastingvoordele

Daar is aantreklike belastingvoordele wanneer u in rentegewende beleggings soos hierdie fonds belê. Die eerste R19 000 p.j. (R27 500 p.j. indien u 65 of ouer is teen einde Februarie 2009) van alle rente-inkomste is van belasting vrygestel. Dit beteken dat u, teen ’n rentekoers van 12% per jaar, tot R158 333 (R229 166 as u 65+ is) kan belê sonder om belasting op rente-inkomste te betaal.

Ken die risiko’s

Oor die algemeen word ’n geldmarkfonds as een van die effektetrustklasse met die laagste risiko beskou. Hoewel die fonds nie u kapitaal waarborg nie, is die kanse minimaal dat u die geld wat u belê het kan verloor. Vir groot langtermynbeleggers is daar egter potensiële risiko’s:

- Hoewel daar waardevolle belastingvrystellings op rente-inkomste is (soos reeds bespreek), sal die inkomste wat groter beleggings genereer hierdie vrystellingsperke verbysteek. ’n Belegging van R1 miljoen teen ’n rentekoers van 12% per jaar sou byvoorbeeld R101 000 by u jaarlikse belasbare inkomste voeg (nadat die vrystelling van R19 000 afgetrek is).
- U langtermyn-beleggingsgroei loop dan gevaar om deur inflasie weggekalwer te word. Na gelang ons inflasiekoers geleidelik styg, verminder u reële opbrengs (reële opbrengs = groei minus inflasie). Dit beteken dat u mettertyd gevaar loop om armer te word.

Hoewel die Old Mutual Money Market Fund waardevolle voordele bied om spesifieke korttermyn-beleggingsdoelwitte te bereik, maan ons langtermynbeleggers om bewus te wees van die risiko’s. Vir hierdie beleggers kan die fonds ’n groter bate wees as deel van ’n groter, gebalanseerde portefeulje.

Wie bestuur hierdie fonds?

Die Old Mutual Money Market Fund word bestuur deur Ameesha Chagan (BCom), ’n lid van die vaste-inkomstespan wat met Futuregrowth sal saamspan om die grootste vaste-inkomstebatebestuurder in SA te word (lees meer hieroor op die teenoorstaande bladsy). Met 14 jaar beleggingsondervinding in die geld- en kapitaalmarkte, bestuur Ameesha tans Old Mutual-portefeuljes ter waarde van altesaam R3 miljard.

Om meer te wete te kom oor hierdie fonds of ons ander beleggingsoplossings wat die groeipotensiaal van aandele met die sekuriteit en opbrengste van geldmarksekuriteite kombineer, kontak u makelaar of Old Mutual finansiële adviseur.

Hoë rentekoerse: die goeie nuus

Kry die beste uit die geldmark met die Old Mutual Money Market Fund.

Laat stygende rentekoerse vir jou werk deur in die Old Mutual Money Market Fund te belê. Hierdie fonds het ’n opbrengs van 10.2% gelewer vir die 12 maande tot 30 April 2008 (hoër as die gemiddelde van die geldmark-effektetrustsektor). En danksy die stygende rentekoerse is die huidige opbrengs 12.02%*. As jy dus geld het wat jy op kort termyn in ’n likiede belegging wil plaas wat saam met die heersende rentekoerse beweeg, skakel ons. Boonop kan jy na enige van Old Mutual se volle reeks fondse omskakel sonder om omskakelingskoste te betaal.

* Dit is die jaarlikse opbrengs gebaseer op die inkomste wat deur die fonds oor ’n 7-dag-tydperk verdien is. Dit gee ’n aanduiding van wat beleggers tans verdien.

OLD MUTUAL Investment Group

belê in jou sukses

Kontak jou Old Mutual finansiële adviseur, jou makelaar, skakel 0860 INVEST of besoek www.omut.co.za

Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie ’n aanduiding van toekomstige groei nie. Dit is belangrik dat jy voorbereid moet wees op skommelinge oor die korter termyn, terwyl jou belegging in ooreenstemming met die markte beweeg. Wisselkoersbewegings of -skommelinge kan meebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effektetrusts kan by die leen en uitleen van skrip betrokke wees. ’n Lys van fooie en koste en maksimum kommissie is by die maatskappy/tussengangers verkrygbaar. Jy kan jou belegging maklik verkoop teen die heersende prys van die dag (soos om 15h00 op ’n vooruitprysinsgrondslag bereken). Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys is staties (hoewel ’n konstante prys gehandhaaf word, word die beleggingskapitaal nie gewaarborg nie) en rente word daagliks om 13h00 verklaar. Die opbrengs word bereken deur ’n geannualiseerde 7-dag bewegende gemiddelde soos op 30 Mei 2008 te gebruik. Die portefeulje se prestasie word volgens ’n NBW-NBW-grondslag bereken en neem geen aanvangskoste in aanmerking nie. Inkomste word op die ex dividend-datum herbelê. Werklike beleggingsprestasie sal verskil na gelang van die toepaslike aanvangskoste, die werklike beleggingsdatum en die datum waarop inkomste herbelê word. Old Mutual Unit Trusts is ’n lid van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings, SA.

Perspektief op beleggings

Peter Brooke, Boetiekhoof: Makrostrategie beleggings

Die aandelebeurs het onlangs met 17% geval sedert sy onlangse hoogtepunt in Mei, terwyl finansiële en nywerheidsaandele met 25% geval het en genoteerde eiendom 'n massiewe 38% prysgegee het sedert hul hoogtepunte verlede jaar. Dit het by baie mense paniek laat ontstaan, met die gevolg dat hulle hul beleggings verkoop en na die veiligheid van kontant vlug.

Die eerste punt om te beklemtoon, is dat bitter min mense gekoop het toe hierdie hoogtepunte bereik is. Dus het die meeste nie sulke groot verliese gely nie. Baie mense belê in die aandelemark via hul pensioenfondse, met gereelde aankope oor die jare deur middel van maandelikse aftrekkings.

Om 'n meer getroue perspektief van opbrengste te kry, kyk na die groei van R100 wat oor die lang termyn belê is. Dit beklemtoon die saamstellende krag van tyd in die mark.

Beleggings-termyn	R100 in die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks	R100 in die FTSE/JSE Indeks van Vaste Eiendom
5 jaar	R418	R285
10 jaar	R598	R756
20 jaar	R3 128	R1 068
30 jaar	R38 116	R6 669

Tyd in die mark stryk ook opbrengste uit en verminder die onbestendigheid wat met belegging gepaardgaan.

Of, eenvoudig gestel, tyd skakel daardie siek gevoel van skielike skerp dalings in 'n korttermyn-wipplankrit uit. As 'n mens na die opbrengste van die Alle Aandele-indeks oor enige vyfjaar-tydperk sedert 1960 kyk, sien jy dat 'n belegger nooit geld sou verloor het nie.

Ons tweede bekommernis is dat mense die teenoorgestelde doen van wat logika impliseer. Gewoonlik sal 'n mens iets wat jy begeer, koop wanneer dit uitverkoop word. In die geval van genoteerde eiendom het mense onmiddellik begin verkoop – en nie begin koop nie – toe hulle die "25% af"-kennisgewing sien. Die realiteit van belegging is dat die grootste deel van die opbrengs van dividende en groei in daardie dividende afkomstig is. Kliënte sal die dividendopbrengs ontvang ongeag wat elke dag met die aandeelprys gebeur. Na die onlangse regstelling kry beleggers weer eens die geleentheid om genoteerde eiendom te koop met 'n dividendopbrengs van meer as 10%.

Ons laaste bekommernis oor die stormloop na kontant is wat met kontant en die rente daarop sal gebeur. Nadat die staat belasting daarop ingevorder het, vermoed ons die deursnee Suid-Afrikaner se geneigdheid om te bestee sal te groot wees, en die geld sal eerder bestee as belê word. Hoewel ons besef dat kontant tans aantreklik is – en die kontantbesit in al ons fondse op rekordvlakke is – is ons gedurig op soek na goeie geleenthede om dit te herbelê. Beleggers moet oppas om net na die kort termyn te kyk, terwyl dit die langtermynbenadering is wat uiteindelik die beloning sal bring.

Peter en sy span bestuur die Old Mutual Flexible Fund, Old Mutual Real Income Fund, Old Mutual Stable Growth Fund, Old Mutual Balanced Fund en Four Plus Growth Fund of Funds.

Dinamiese vaste-inkomstereus geskep

Thabo Dloti, Uitvoerende Hoof: Old Mutual Investment Group, SA

Old Mutual Investment Group (SA) (OMIGSA), batebestuurders vir baie van Old Mutual Unit Trusts se fondse, het onlangs ingestem om WIPHOLD se aandeelhouding van 69% in Futuregrowth te koop, in afwagting van goedkeuring deur die mededingingsowerheid.

Futuregrowth se spesialisvermoëns sal dié van OMIGSA aanvul en uitbrei. Futuregrowth het ontluik as een van die voorste spesialisbatebestuurders in Suid-Afrika op die gebied van vaste rente, kwantitatiewe aandele en maatskaplik verantwoordelik beleggings, en ons besef terdeë watter voordele dit inhou om die besigheid gefokus en uniek te hou, in ooreenstemming met ons boetiekmodel.

Vermoëns selfs nog verder uitgebou

Met hierdie skuif sal ons vaste-inkomstespan, wat fondse soos ons Money Market Fund en Enhanced Income Fund bestuur, een van die grootste en sterkste vaste-inkomstebatebestuurders in Suid-Afrika word wanneer hy sy kragte met dié van die Futuregrowth-span saamsnoer. Die boetiek, wat onder die vaandel van Futuregrowth sal voortgaan, sal 16 beleggingsdeskundiges hê met gekombineerde bates onder bestuur ter waarde van bykans R100 miljard.

Verder sal Futuregrowth se aandelespan deel uitmaak van 'n afsonderlike vermoë in die OMIGSA-stal, wat aandele bestuur deur 'n aktiewe kwantitatiewe benadering te volg. Hulle sal voortgaan om onder andere die bekende Futuregrowth Albaraka Equity Fund te bestuur.

Impak op fondse

Die fondse wat deur beide groepe bestuur word, sal steeds deur dieselfde bestuurders hanteer word, en hul mandate sal onveranderd bly. U kan gemoedsrus hê in die wete dat die fooie, administrasie en alle rapporteringstelsels ook onveranderd sal bly. Indien daar in die toekoms enige veranderings aan die mandaat of fooistruktuur van 'n fonds aangebring word, sal beleggers behoorlik ingelig word.

Ons is oortuig dat ons samewerking ten opsigte van navorsing, nuwe produkte en moontlike verbeterings aan bestaande produkte in die toekoms besonder voordelig sal blyk vir ons kliënte.

Webtuiste kry nuwe voorkoms

Ons het onlangs ons webtuiste opgeknap. Die nuwe webtuiste spog nou met 'n vars, skoon uitleg en eenvoudige navigasie, terwyl tabelle en hulpmiddels herverpak is.

Gebruikers kan uitsien na omvattende fondsinligting, wat met die klik van 'n muis gesorteer kan word. Indien u fondsverwante inligting nodig het, klik net op "Fund Information and Prices" of gaan na "Portfolio Managers" om te sien wie u fonds bestuur. U sal daar ook 'n bondige opsomming van die bestuurder se loopbaan kry.

Die webtuiste het steeds die gewilde beveiligde dienste waar u kan registreer om u portefeulje-inligting in 'n veilige omgewing te bekyk. As u wil, kan u ook registreer om u effektetrusts aanlyn om te skakel, te koop of te verkoop. Klik op die "register"-skakel op ons webtuiste om die registrasieproses te begin.

U het nou selfs nog meer rede om ons webtuiste te besoek, aangesien ons vier opwindende berekenaars ontwikkel het wat u sal help bereken hoeveel u moet spaar om u doelwitte te bereik – of u nou vir u aftrede spaar, geld vir opleiding opsy wil sit of u drome wil verwesenlik - of help bepaal watter inkomstevlak u tydens aftrede kan onttrek. InvestRight™ is tans toeganklik vanaf die tuisblad of die afdeling getiteld "New to Unit Trust Investing".

Hou in gedagte dat ons webtuiste ook deurentyd bygewerk word met die jongste ekonomiese nuus en ander nuusbrokkies. U kan nou toegang tot die webtuiste kry deur die nuwe kort bronadres www.omut.co.za te gebruik.



Old Mutual raak Groener

U het nou die keuse om al u kommunikasie van Old Mutual Unit Trusts per e-pos te ontvang. Dit verhoed nie net posvertragings nie – dis boonop omgewingsvriendelik omdat minder papier gebruik word! Ons stuur tans jaarliks meer as 2 miljoen bladsye korrespondensie uit.

Om elektroniese kommunikasie te ontvang en ook vir ons gelukstrekking in aanmerking te kom, kan u u kommunikasievoorkeur op een van verskeie maniere bywerk. Skakel net ons oproepsentrum by 0860 234 234, of as u 'n geregistreerde gebruiker op ons beveiligde webtuiste is, kan u die verandering aanlyn versoek. So nie, kan u een van Old Mutual se takkantore besoek, of die toepaslike afdeling op die bygaande vorm invul en dit faks na die nommer wat op die vorm aangedui is. Briewe is in 'n PDF-formaat en nie groter as 70 kB nie.

Werk u besonderhede by en WEN!

Ons het 'n vorm vir die bywerking van persoonlike besonderhede saam met u rekeningstate ingesluit. Ons sal dit baie waardeer as u kan nagaan of u besonderhede korrek is. Indien nodig, vul asseblief die vorm in en stuur dit aan ons terug soos aangedui. Dit is uiters belangrik dat ons u korrekte besonderhede op ons stelsel het – ter wille van sekuriteit en om beter, vinniger diens aan u te kan lewer.

En hoewel dit min moeite verg om die vorm in te vul, kan die beloning groot wees. Indien u u besonderhede voor of op 30 September 2008 bywerk of bevestig, kom u in aanmerking vir ons gelukstrekking. U kan een van vyf gelukkige wenners wees wie se effektetrustportefeulje met onderaandele ter waarde van R5 000 aangevul sal word. Op die bywerkingsvorm sal u inligting kry oor hoe u vir die kompetisie kan inskryf en oor die reëls.

Vernuwende Denke

Ons doel is om u te help om u beleggings te laat groei. Daarom stel ons graag twee splinternuwe konsepte bekend, wat albei op u beleggingsbehoeftes toegespits is en bedoel is om u te help om u doelwitte te bereik. Die eerste innovering gee 'n nuwe perspektief op risiko, terwyl die tweede een kan help om u spaarbehoeftes te kwantifiseer.

Verfrissende verandering 1: 'n nuwe vertolking van "risiko"

Daar is 'n rede hoekom risiko tussen aanhalingstekens geplaas is. Dis omdat risiko tradisioneel taamlik eendimensioneel beskou word – as die risiko om geld oor die kort termyn te verloor. Ons het egter die Vereniging van Kollektiewe Beleggings SA (ACI) se statistieke oor 'n aantal jare nagespoor, en 'n tendens bespeur dat baie mense te konserwatiewe beleggingskeuses maak... en die wesenlike gevaar loop dat groei op hul spaargeld nie aan hul toekomsverwagtinge gaan voldoen nie. Daarom het ons adviseurs met die hulpmiddel NeedRight™ toegerus om hulle te help om multidimensioneel na risiko te kyk – en hulle op dié manier beter in staat te stel om u oor toepaslike keuses te adviseer om u toekomstige doelwitte te bereik.

In plaas van om uitsluitlik op 'n risikogradering te fokus, behoort u beleggingsbesluit te berus op:

- U beleggingshorison: hoe lank u verwag om te belê.
- U beleggingsdoelwit: belê u om 'n inkomste te kry, u welvaart te beskerm of u belegging te laat groei?
- U risiko-oorweging: Oor watter tipe risiko is u die meeste besorg? Onbestendigheidsrisiko (d.i. die risiko dat u belegging oor die kort termyn sal daal), inflasierisiko (d.i. die risiko dat u geld se koopkrag mettertyd weggekalwer sal word) of 'n kombinasie van die twee? Wat beleggings betref, is daar altyd 'n kompromie tussen onbestendigheidsrisiko en potensiële opbrengs. U persoonlike omstandighede sal egter bepaal watter een vir u van die grootste belang is.
- U opbrengsverwagting: Is die opbrengsvlak wat u verlang realisties, in die lig van bogenoemde? As u byvoorbeeld met die oog op kapitaalstabiliteit of 'n hoë inkomstevlak oor die kort termyn belê, sal u miskien in 'n fonds wil belê wat bestendiger bates soos effekte en kontant insluit. Hierdie bates sal laer langtermyn-opbrengsverwagtinge hê – 'n opbrengsverwagting van inflasie plus 1% tot 3% p.j. kan dus realisties wees.

Vra u finansiële adviseur om NeedRight™ aan u bekend te stel en te illustreer hoe dit u kan help om die regte fonds te kies.

InvestRight™



Verfrissende verandering 2: doen die berekening!

Terwyl NeedRight™ eksklusief vir ons adviseurs ontwerp is, het ons InvestRight™ vir ons kliënte ontwikkel. Hierdie eenvoudige en interaktiewe webgebaseerde gids kan u help uitwerk hoeveel u moet spaar om u toekomstige finansiële doelwitte te bereik – of dit nou aftrede, 'n droomvakansie of tersiêre opleiding vir u kind is - of watter inkomstevlak u tydens aftrede kan onttrek.

Hierdie hulpmiddel is maklik om te gebruik (dit sal u deur die proses lei) en u sal ná maksimum vyf eenvoudige vrae 'n idee hê van wat u moet spaar. Besoek gerus www.investright.co.za, of ons webtuiste by www.omut.co.za en volg net die skakels.

Ons hoop hierdie nuwe toevoegings tot u en u adviseur se stel beleggingshulpmiddels sal u in staat stel om met groter vertroue te belê... en u beleggingsdrome te verwesenlik.

DIENSBROKKIES

Belangrik: doen dit formeel!

Om onderaandele te koop, verkoop of om te skakel, moet u die toepaslike vorms moet invul. Ons het probeer om hulle so eenvoudig en kort as moontlik te hou. Die vorms (ook Afrikaanse weergawes) is via ons webtuiste www.omut.co.za beskikbaar (onder *Investment Forms*). So nie, kan u 0860 234 234 skakel.

U kan altyd kry wat u nodig het.

- ☎ Skakel 0860 234 234 om met ons bekwame Kliëntediens-konsultante te gesels.
- E-pos navrae na unittrusts@oldmutual.com (ons reageer binne 24 uur).
- ⓘ Skakel 0860 700 000 vir beleggingswaardes — enige tyd van die dag of nag. Hou u rekeningnommer byderhand.

U wen weer

Die Old Mutual Mining & Resources Fund en SYm|mETRY Defensive Fund of Funds was weer wenners by die 2007 se Micropal-toekenningsgeleentheid (voorheen S&P-toekennings). Ons beleggers is egter die ware wenners, met hul vertroue in, lojaliteit teenoor en beleggings by Old Mutual.

Die Old Mutual Mining & Resources Fund het die eerste plek verower vir prestasie oor 'n vyfjaartydperk op 'n risiko-aangepaste grondslag, in die kategorie Binnelandse Aandele – Myn- & Hulpbronnesektor. Hierdie fonds is 'n bestendige sektoruitblinker oor die meeste tydperke, en word bestuur deur Anwaar Wagner, hoof van Hulpbronne en lid van 'n beleggingsnavorsingspan met 35 lede.

"Terwyl ander kleiner beleggingspanne nie die hele mark deeglik kan dek nie, stel ons struktuur ons in staat om in elke sektor hoogs gefokus te wees en sektorspesialisaandelefondse te bestuur," sê Wagner.

SYm|mETRY Multi-Manager se Defensive Fund of Funds het as toppresteerder die toekenning ingepalm vir "Beste in Sektor" oor vyf jaar op 'n risiko-aangepaste grondslag, in die kategorie Binnelandse Batetoewysing – Voorsorg: Lae Aandele.

SYm|mETRY se uitvoerende hoof, Raymond Berelowitz, het gesê die fonds se bekroonde risiko-aangepaste prestasie bewys dat beleggers nie opbrengs ter wille van sekuriteit hoef op te offer nie. "Beleggers kry regtig die beste van beide. Veral in onseker marktoestande soos nou, wanneer beleggers waarskynlik hul kapitaal sal wil beskerm, is dit belangrik dat ons Defensive Fund of Funds sy slag kan wys."

Om meer oor hierdie fondse te wete te kom, besoek ons webtuiste by **www.omut.co.za**

Fonds	TOV# (%)	Prestasie % p.j. 1 jaar	3 jaar	5 jaar	Risiko-gradering
Balanced R	1.34	-2.1	19.5	22.5	3
Dynamic Floor A	1.57	1.7	11.1	13.9	3
Enhanced Income A	1.14	2.6	7.3	-	2
Financial Services R	1.14	-22.5	12.4	22.6	5
Flexible R	1.38	-1.5	22.1	25.4	4
Four Plus Capital A	2.59	3.0	8.8	10.4	3
Four Plus Global A	2.52	-6.3	13.2	14.6	4
Four Plus Growth A	2.03	-3.7	15.3	19.2	3
Four Plus Secure A	2.00	8.4	6.7	7.0	2
Gilt	0.87	-2.1	2.9	6.6	3
Global Bond Feeder	1.62	20.6	10.4	5.7	2
Global Equity A	2.11	-4.2	15.3	13.9	4
Global Technology	2.48	-4.2	11.1	8.8	5
Gold R	1.16	13.5	25.4	16.2	5
Growth R	1.15	1.5	25.6	31.0	4
High Yield Opportunity A	1.43	-22.5	13.5	25.3	4
Income R	0.87	7.9	7.3	8.2	1
Industrial A	1.45	-7.0	19.3	30.5	5
International Growth	2.82	-1.4	12.3	9.8	4
Investors' R	1.22	0.7	24.4	29.2	4
Mining & Resources R	1.15	49.0	54.5	44.2	5
Money Market	0.59	10.7	8.5	8.4	1
Real Income A	1.39	0.7	-	-	2
SA Quoted Property A	1.22	-23.5	10.6	-	4
Small Companies R	1.15	-22.2	20.2	31.7	5
Stable Growth A	1.28	2.9	-	-	2
SYmmETRY Balanced A	1.77	-1.0	16.7	20.5	3
SYmmETRY Defensive A	1.48	1.0	13.4	17.1	2
SYmmETRY Equity A	1.69	-7.4	21.9	25.6	4
SYmmETRY Fixed Interest A	1.18	4.4	7.1	8.0	2
Top Companies R	1.15	2.1	23.3	30.1	5
UK Money Market Feeder	0.58	16.4	13.3	8.0	1
Umbono RAFI 40 Tracker A*	-	-	-	-	4
Umbono Top 40 A	0.73	15.6	32.3	31.9	4
Value R	1.16	-7.8	21.3	29.2	4
Suid-Afrika VPI		**12.0**	**7.9**	**5.5**	

Alle syfers in die publikasie is uit die volgende bronne verkry (tensy anders vermeld): Morningstar. Enkelbedragbeleggings tot einde Junie 2008, uitkerings herbelê en NBW-NBW pryse gebruik (d.w.s. aanvangskoste uitgesluit). Die beleggingsprestasie is bloot ter illustrasie. Dit word bereken deur die werklike aanvangsfooie en alle deurlopende fooie in ag te neem vir die bedrag wat aangedui word. Inkomste word op die herbeleggingsdatum herbelê. Old Mutual Unit Trusts is deur die JSE Sekuriteitebeurs SA gelisensieer om die naam FTSE/JSE Top 40 Indeks te gebruik. (TOV) vir die Old Mutual Umbono RAFI® 40 Tracker Fund kan nie akkuraat bepaal word nie, omdat dit nie inligting insluit wat oor 'n volle jaar ingesamel is nie. TOV's is soos op 31 Maart 2008 - die jongste beskikbare syfers by die ter perse gaan. TOV's vir die kwartaal geëindig 30 Junie sal teen 31 Julie 2008 op die betrokke fondsfeiteblaaie of op die webtuiste beskikbaar wees. Skakel ons dienssentrum by 0860 234 234 om kopieë van die bygewerkte feiteblaaie te kry, of besoek www.omut.co.za en klik op Fund Information & Prices en kies Fees & Charges. Risikograderings neem nie die impak van valutaskommelinge in ag nie

© Old Mutual Unit Trusts Julie 2008. Finansieel Gesproke is 'n nuusbrief wat as 'n diens aan Old Mutual Effektetrusts se beleggers uitgegee word. Hoewel dit met redelike sorg saamgestel is, aanvaar Old Mutual Effektetrusts geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat gely, of onkoste wat aangegaan kan word as gevolg van inligting wat in hierdie publikasie vervat is nie. Geen stelling in hierdie nuusbrief moet beskou word as 'n aanbeveling om 'n spesifieke fonds of produk te koop of verkoop nie. Ons stel voor dat u ons of u finansiële adviseur kontak voordat u enige besluite neem wat op hierdie inligting gegrond is. Indien u bykomende eksemplare van hierdie nuusbrief wil ontvang, skakel asseblief ons Dienssentrum (0860 234 234). This publication is also available in English as Financially Talking. Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Die waarde van u onderaandele kan styg en daal, en vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Wisselkoersbewegings of -skommelinge kan meebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effektetrusts kan by die leen en uitleen van skrip betrokke wees. Die fonds se TOV weerspieël die persentasie van die gemiddelde Netto Batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en fooie met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n aanduiding van toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van fooie en koste en maksimum kommissie is by die maatskappy/tussenganger verkrygbaar. Die daaglikse prys berus op die huidige waarde van die fonds se bates plus inkomste (minus uitgawes), gedeel deur die getal uitgereikte onderaandele. U kan u belegging maklik verkoop teen die heersende prys van die dag (soos om 15h00 op 'n vooruitprysingsgrondslag bereken). Al die nodige dokumente moet voor 15h00 (13h00 vir Money Market Fund) ontvang word om op dieselfde dag nog verwerk te word. Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys is staties en rente word daagliks om 13h00 verklaar. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhou, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Fonds van fondse-effektetrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. 'n Voederfondsportefeulje is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit onderaandele van 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. Sekere fondse kan tydelik gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te kan word. Indien u meer besonderhede oor die Micropal-toekennings verlang, skakel gerus ons Dienssentrum. Ou Mutual is 'n lid van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings, SA.

OLD MUTUAL